Hulp aan seniors in Zimbabwe

Johan Haasbroek leraar van Kadoma en skriba van die ring van Midde-Afrika skryf soos volg:

“Ons weet almal dat die omstandighede in Zimbabwe nie altyd rooskleurig is nie. Ons probeer die beste van die omstandighede maak. Soms, wanneer mens nie die omstandighede kan verander nie, bly daar net een ding oor om te verander en dis jou eie benadering!

Ons ontvang ook hulp wat help om te oorleef. So is daar is ‘n groep onder leiding van Hannes Botha, wat in Malelane gebaseer is. Hulle kom minstens ses maal per jaar en bring vir ongeveer 600 seniors elkeen ‘n boks vol kruideniersware. Elke boks het reeds die betrokke persoon se naam op wat ons vooraf verskaf . Dan ry hulle deur Zimbabwe en laai in elke dorp die dorp se bokse af. Die boks het altyd die nodigste in en is baie oordeelkundig gepak. Dit is regtig van onskatbare waarde, veral noudat pryse gedurig styg.

Ons is soms sku om geld te gee, maar hierdie mense kom gereeld, al vir die afgelope 15 jaar! Indien u ‘n bydrae wil maak, hier is hulle bankbesonderhede:

Rekeningnaam: Zimbabwe Pensioner Supporter Fund
Bank: First National Bank
Tak: Malelane
Takkode: 270 952
Rek no: 6223 9042 906
Swift code: FIRNZAJJ

Stuur asb ‘n e-pos vir Linda Schultz na linda@zpsf.co.za, dan kan sy ontvangs erken en sommer dankie se.

Kontak my gerus indien u meer inligting wil he.

Baie dankie vir u ondersteuning, ook moreel. Dit beteken baie vir ons.”

Ds Johan Haasbroek
Johanhaasbroek24@gmail.com
00263 772 361850